# Rooimier

No. 5 van 2018

SENTIES

DAAR'S WERK KOMAAN

Sentrale Volkskool Kroonstad    Skoolhoof: Mnr. LGH Welthagen    Tel. 056 212 5731    Faks 056 212 5201    Hillstraat 92

## Uit die hoof se kantoor

Reën, reën lieflike reën! Dit is al wat ons kan sing as dit so lekker reën!!! Ongelukkig is dit die 2de jaar dat ons Kroonbyeenkoms uitgereën het maar ons gaan nie daaroor kla nie. Dankie Here dat U so goed is vir ons in Kroonstad, ons wil U lof besing. Ons bid regtig vir die plekke in die land waar dit baie droog is maar ons glo dat ons Hemelse Vader vir hulle gaan uitkoms gee.

Tydens die Conquesta Olimpiade van verlede jaar het Senties weer puik gevaar. Hierdie uitslae bevestig maar net weer die gehalte van werk wat by hierdie skool gedoen word. Ons Gr. 1 en Gr. 3 leerlinge was in Afrikaans(19de) en Lewensvaardigheid(8ste) onder die Top 20 in die land. Alhoewel Bybelkunde nie 'n vak by ons skole is nie was ons Gr. 5 leerlinge(17de), Gr. 6(3de) en ons Gr. 7 leerlinge 12de, ook onder die Top 20 skole in die land. Ons werk baie sterk daaraan dat ons Wiskunde en Engels ook onder die Top 20 gaan presteer.

Senties het weer gekook op die atletiekbaan en in die swembad. Geluk aan elke atleet en swemmer met die wonderlike prestasies die afgelope week. Dankie aan elke afrigter vir hul insette en harde werk, ons waardeer julle ongelooflik. Dankie aan elke beampte wat ure lank in die son staan sodat ons kinders die voorreg kan hê om deel te neem. 'n Groot dank aan my personeel vir al julle harde werk tydens die swem en die voorbereidings vir die Kroon Atletiekbyeenkoms (al het die byeenkoms uitgereën) Dit is ongelooflik om saam met 'n span soos julle te werk.

Senties salueer sy ouers by die skool! Ons personeel is weereens bederf met heerlike eetgoed tydens Valentynsdag. Dankie Carol en jou span vir 'n wonderlike bederf, ons waardeer julle opreg. Julle het ook ons kinders se harte verbly met al julle reëlings rondom die dag en ek glo hulle het dit baie geniet.

Ons netbal bars uit sy nate uit! Dit is net Rooimiere waar jy kyk! Dankie aan al die mamma's wat seker maak dat hulle dogtertjies opdaag vir die netbal oefeninge.

Ons is egter bekommerd oor so baie leerlinge in Gr. 6 en 7 wat nie hul take en opdragte ingee nie. Ouers dit bly u verantwoordelikheid om die Communicator af te laai of om 'n Rooimier in die kantoor te kom haal. Al u kind se take, opdragte en assesserings is op die Communicator gelaai en verskyn in die weeklikse Rooimier. Die datums waarop die opdragte ingegee word verskyn hier en ons gaan nie uitstel gee vir opdragte en take wat laat is nie.

Sterkte aan ons swemmers en atlete vir die Provinsiale kampioenskappe wat voorlê, ons glo dat dit sommer baie goed sal gaan. Ouers moet asseblief nie vergeet van die Bestuursliggaamverkiesing wat op 15 Maart 2018 gaan plaasvind nie, stel uself asseblief beskikbaar.

Klerewinkel sal Maandag, 19 November oop wees vanaf 08:00 - 09:00.

## Sonskyn SENTIE




Johanné Jonker




## Datumlys

| | |
|---|---|
| **16 Feb** | Oompie Kedoompie se fietsie dag |
| **20 Feb** | Bestuursliggaam vergadering om 17:30 |
| **21 Feb** | Departement Gesondheid besoek skool |
| | Gr. 1-3 Expo werkswinkel by St. Andrews in Welkom |
| **24 Feb** | Noord Vrystaat Atletiek in Sasolburg |



Leierskap

Dis insiggewend dat 'n leier wat leef met hart van 'n ware leier 'n breë invloed het omdat mense graag deur so iemand beïnvloed wil word. Mense maak hulle harte oop en laat toe dat so iemand hulle beïnvloed. Dis tragies dat narsistiese leiers met 'n eiewaan swaar en moeilik gevolg word omdat mense gemanipuleer word en forseer word om dit te doen. Hier in Johannes 13 vers 5 lees jy die hart van leierskap. *"Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het."*

Dis skokkend en hartseer om te sien en te beleef hoe min leiers hierdie werklik leef. Dis teleurstellend hoe min leiers hierdie verstaan en deel gemaak het van hulle menswees en lewe. Nee, vir te veel gaan dit nog oor hull ego, hulle status, hulle posisie en uiteindelik hulle eer. Vir te veel gaan dit oor mag en status.

Dis hartseer om leiers in die media dop te hou en niks anders as 'n eiewaan en hebsug te beleef nie. Dis hartseer om selfs in kerke en skole te hoor van outokratiese leiers wat gesien wil word in plaas van ander te dien en op te hef. Die fokus is doodgewoon op die *me, myself and I* in plaas van die verbetering, groei en opheffing van ander.

Ware leiers wat leef met die hart van 'n leier, stel ander mense eerste en hulle eie agenda's tweede. Hulle het die moed en waagmoed om te dien. Ja, diensbaarheid vra waagmoed en dapperheid, want dis 'n kruisiging van jouself. Hulle is nie bewus van hulle status en posisie nie. Inteendeel, status en posisie is vir hulle die geleentheid waarvoor hulle gewag het om ander mense te dien en op te hef.

John Maxwell stel dit so mooi :

*Servanthood is not about position or skill. It's about attitude.*

*The truth is that the best leaders desire to serve others, not themselves.*

## Fichardtpark Uitslae :

| Ouderdom : | Naam : | Uitslag : |
|---|---|---|
| 0/13 | Louis Cronje | Hoogspring (6de) |
| | Tertius Brink | Hoogspring (5de) |
| | | Spiesgooi (6de) |
| | Dandré Kruger | Spiesgooi (4de) |
| | | Skyfwerp (6de) |
| | BJ Pelser | 200m H (5de) |
| | Cuylen van Niekerk | 75m H (7de) |
| 0/12 | Jaco Kleingeld | 75m H (3de) |
| | | 150m H (4de) |
| 0/11 | Ivan de Bruyn | 80m (3de) |
| | | 100m (1ste) |
| | | Verspring (2de) |
| | Henro Jacobs | 70m H (3de) |
| 0/10 | Kaylie Steyl | 70m H (6de) |
| 0/8 | Micke-Dunay le Roux | 80m (4de) |
| | | 60m (1ste) |
| 0/7 | Milandi van Schalkwyk | 60m (2de) |
| | | 80m (2de) |
| | Irmari Smit | 60m (5de) |
| | | 80m (4de) |

# ATKV Redenaars







Tydens die eerste rondte van die ATKV Redenaarskompetisie dring die volgende Senties deur na die streeksuitdunne wat op DV 4 Mei sal plaasvind :

Graad 1 - 3 Afdeling : Chloë Els, Mieke Erasmus, Marco van Niekerk, Carli Erasmus

Graad 4 - 5 Afdeling : Shaun Morgan, Johanné Jonker, Zanro van Rensburg, Kaylie Steyl

Graad 6 - 7 Afdeling : Katya Steyl, Nieke Botha, Burnette Staal, Miya Jordaan

# Slaagvereistes :

**Minimum slaagvereistes:**

**Sleutels:**

Vlak 2: 30 – 39%
Vlak 3: 40 – 49%
Vlak 4: 50 – 59%

**Bevorderingsvereistes (Graad 4-6)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog twee ander vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 7)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde
Vlak 3 - In nog drie ander vakke.
Vlak 2 - in oorblywende vakke.

**Bevorderingsvereistes (Graad 1-3)**

Vlak 4 - Afrikaans
Vlak 3 - Engels
Vlak 3 - Wiskunde




Dis met groot opgewondenheid dat ons deelneem aan die *Señor Chef* en INA PAARMAN produkreeks verkope, ten bate van ons skool. U kind sal 'n brosjure ontvang. Alle bestellings moet asb. teen einde Februarie by die skool wees.

GOEIE NUUS!! Elke klas gaan 'n vorderingskaart kry…

***Die klas met die meeste verkope mag 'n dag skool afvat!***






**Kroon Primêr Uitnodigingsgala uitslae:**

| | |
|---|---|
| Ane Crous | 2de plek 50m Vryslag |
| Shaun Morgan | 3x 3de plekke - 50m Vryslag/ 50m Rugslag en 50m Vlinderslag |

**Noord-Vrystaat Laerskole swem kampioenskappe:**

| | |
|---|---|
| Kobus Kriel | 4de plek 50m Rugslag |
| Johan Kriel | 4de plek 50m Rugslag |
| JC Young | 4de plek 100m Borsslag/50m Borslag |
| Gerrit Engelbrecht | 4de plek 50m Vryslag |
| Chene Jacobs | 4de plek 400m Vryslag/50m Borsslag/100m Borsslag |
| David Crous | 2x4de plek 400m Vryslag/100m borsslag |
| Ane Crous | 2de plek 50m Vryslag |
| Juane Smit | 2de plek 50m Vryslag |
| Shaun Morgan | 1ste plek 50m Rugslag |
| | 2x2de plek 200m IM en 100mVrysalg |

**Aflosse: 200m Wisselslag**

3de plek – Seuns 0/11 {
Shaun Morgan/Danie Fourie/Johan Kriel/ Ruan Jacobs}
2de plek – Seuns 0/12 {
Gerrit Engelbrecht/ Herman Kleynhans/Kobus Kriel/JC Young}

**Aflosse: 200m Vryslag**

4de plek – Dogters 0/13
Chene Jacobs/ Heylie Els/Miya Jordaan/Cuylen van Niekerk}
3de plek - Seuns 0/10 {
Ruan Jacobs/Diago Gomes/Dylan Young/Renaldo Capazorio}
2de plek = Seuns 0/11 {
Shaun Morgan/Danie Fourie/Johan Kriel/ Ruan Jacobs}
2de plek – Seuns 0/12 {
Gerrit Engelbrecht/ Herman Kleynhans/Kobus Kriel/JP Botha}

Sentiës - Swemmers













Goeie dinge lê voor ons almal se pad. Moet net nooit ophou stap nie!

# Assessering

| | | | |
|---|---|---|---|
| Graad 7 | ENG | Narrative essay | 21/02 |
| | WISK | Eksponente Toets | 19/02 |
| | ENG | Prepared Reading | 19/02 |
| | AFR | Toets (Hoofstuk 2 : Bl.14, 15, 18-21, 24 en teikenwerkvelle) | 23/02 |
| | ENG | Comprehension Test : No preparation | 26/02 |
| | ENG | Prepared speech | 28/02 |
| | NW | Toets | 29/02 |
| Graad 6 | ENG | Prepared speech | 28/02 |
| | ENG | Prepared reading | 19/02 |
| | ENG | Writing : E-mail | 21/02 |
| | AFR | Toets (Tema 2 : Bl.14. 20, 21, 24 en teikenwervelle) | 22/02 |
| | ENG | Comprehension Test : No Preparation | 26/02 |
| | AFR | Mondeling : Famile/Vriende/Troeteldier | 28/02 |
| | NW | Toets | 29/02 |
| Graad 5 | ENG | Dialogue (No preparation) | 19/02 |
| Graad 4 | ENG | Oral: My favourite sport/ pet | 19/02 |
| | AFR | Luistertoets: Geen voorbereiding nodig | 21/02 |
| | SW | Toets : Bl.4 - 15 | 23/02 |
| | NW | Ondersoek : Habitat van 'n dier | 26/02 |
| | AFR | Boekverslag: Berei 'n boek van jou keuse voor (Lees) | 28/02 |
| | AFR | Taalwerktoets: Tydvorme (bl. 7), werkwoorde (bl. 7), selfstandige naamwoorde (bl. 17), byvoeglike naamwoorde (bl. 27), meervoude (bl. 18), enkelvoudige sinne (bl. 28) | 01/03 |
| | AFR | Opsomming: Storieboek | 05/03 |
| | AFR | Mondeling: Valentynsdag | 07/03 |
| | AFR | Skryf 'n gedig met 2 strofes | 16/03 |












# GESONDE LEEFSTYL REVOLUSIE

## 12 WEKE PROGRAM

**DIE NUWE JAAR IS HIER!!!**

## SKUD DIE VETJIES AF..

**EN HOU DIT AF..**

## "JOIN THE CLUB!!"



# INSKRYWINGSFOOI SLEGS R100

**GEEN ADDISIONELE KOSTES**

***JY KRY***

- Jou eie "**My Dream Lifestyle**" boekie (elektroniese weergawe)
- Inligtingsessie Maandag **5 Maart 2018** om 18h00 (Te Sentrale Volkskool skoolsaal)
- Aanbieding deur huisdokter **Nadine de Lange.**
- Aanbieding deur Biokinetikus **Gert de Lange.**
- Vrywillige weeg en meet sessie op Maandag **5 Maart 2018**
- "*Before*" foto (vrywillig)
- Weeklikse weeg sessie.
- Weeklikse motivering op Whatsapp.
  "After" foto aan einde van 12 weke.(vrywillig)
- Resultaat en riglyn kaart.

Geskik vir mans en dames, diabete, cholesterol, hartprobleme, kinders en swanger vrouens.

**Die doel van hierdie uitdaging is om jou te leer om 'n gesonder leefstyl te handhaaf.**

**INSKRYWINGSVORM**

| INSKRYWINGS SLUIT OP VRYDAG 2 MAART | PROGRAM BEGIN OP MAANDAG 5 MAART |
|---|---|
| KONTAK BESONDERHEDE PAID<br>NAAM:........................<br>VAN:........................<br>SEL NR:........................<br>HANDTEKENING................ DATUM............ | MEDIESE TOESTANDE EN CHRONIESE MEDIKASIE<br>........................<br>........................<br>........................ |

**Stuur 'n foto van die voltooide aansoekvorm na 082 471 9292 via whatsApp**

**INDIEN JY VERDERE INLIGTING VERLANG STUUR 'N 😜 NA**

**082 471 9292**

Tips&Toes & De Lange & De Klerk BIOKINETICI